MEDIAVERKLARING I MEDIA STATEMENT

AGRI SA

17 Julie 2023

# Agri SA verleen finansiële bystand in grondeise-saak wat presedent skep

Die raad van direkteure van Agri SA het besluit om finansiële ondersteuning te bied aan die applikant in die *Moladora Trust v Mereki and Others Case (“Moladora-saak”).* Die saak sal na verwagting ’n belangrike presedent skep, met verreikende implikasies vir private eiendomsreg in Suid-Afrika en die omvang van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 62 van 1997 ("ESTA").

Die appèl is teen ’n uitspraak van die Grondeisehof wat weidingsregte ingevolge ESTA beskerm ten koste van private eiendomsreg. Indien die uitspraak gehandhaaf word, sal dit die administratiewe en regskoste van verwyderings ingevolge ESTA, sowel as die aanspreeklikheid van grondeienaars, aansienlik verhoog.

Die applikante in die appèl is van mening dat regter Cowen in die Moladora-saak versuim het om die presedente van die Hoogste Hof van Appèl wat reeds in die Adendorffs Boerderye en Loskop Landgoed Boerdery gestel is, behoorlik toe te pas. In die Moladora-uitspraak erken regter Cowen dat hierdie uitsprake bindend is op die Grondeisehof, maar omskep nietemin die reg om vee op die eiendom, wat ’n persoonlike reg is wat met toestemming verkry word, volgens ’n reg ingevolge ESTA te laat wei.

In ‘n nuwe saak voor vir Grondeisehof, die *Elma Mostert Trust v Tebele Isaac Mofokeng and one Other* (“Elma Mostert Trust-saak”), maak die okkupeerder staat op die uitspraak in die Moladora-saak om dit verder uit te brei.  In die Elma Mostert Trust-saak word geargumenteer dat die verwydering van enige vee gedoen moet word in terme van ESTA.  Deur te steun op die uitspraak in die Moladora-saak kan verreikende gevolge hê indien dit onbetwis toegelaat word en as 'n presedent in toekomstige sake gebruik word. Dié eskalasie beklemtoon die noodsaaklikheid om die uitspraak van regter Cowen in Moladora om te keer. Dit is noodsaaklik dat die Moladora-uitspraak nie ’n presedent word nie.

Agri SA het ’n onafhanklike regsmening ingewin oor die Moladora-saak en die uitwerking daarvan op alle boere, indien die appèl onsuksesvol is. Dit was op grond van hierdie kundige leiding dat Agri SA besluit het om finansiële ondersteuning aan die appellant te bied.

Van uiterste belang vir Agri SA is die volhoubaarheid van boerdery in Suid-Afrika en die beskerming van die land se voedselsekerheid. Agri SA sal ondersteuning bied – hetsy wettig of andersins - waar nodig om die belange van die landbousektor te beskerm.

Navrae:
Willem de Chavonnes Vrugt
Voorsitter, Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Grond
S: 082 946 2303